

VERF

HN

KLEUR IN AFRIKAANS

Longstraat 33, Kimberley
053 832 2022/3 - 079 517 0591
jdeyzel@dekor2000kby.co.za
info@dekor2000kby.co.za
info@verf.web.za

TEGNIESE SPESIFIKASIE

KRYT

KRYT

ALLES - IN - EEN

BINNE EN BUIITE GEBRUIK GLADDE MAT AFWERKING

WEND AAN TEEN 8M² / L



DEYZEL PROMOTIONS BK H/A DEKOR 2000 & VERF - REG No: 2006/058147/23 - BTW No: 432 022 7780



VERF^{HN}

KLEUR IN AFRIKAANS

Longstraat 33, Kimberley
053 832 2022/3 - 079 517 0591
jdeyzel@dekor2000kby.co.za
info@dekor2000kby.co.za
info@verf.web.za

Produkkode: VSP039

Kleur: Wit, Standaard kleure

Raklewe: 12 maande

Verpakking: 1ℓ, 5ℓ, 20ℓ

Bergingstoestand: Berg in 'n koel/droë plek

Roermetode: Roer met 'n plat spaan

Vlampunt: Nie - vlambaar

Viskositeit: 100 – 105 KU (by 23°C)

Spesifieke gewig: 1.25 – 1.30

Vaste stowwe per volume: 25 – 30 % (Ongeveer)

Vaste stowwe per massa: 40 – 45 % (Ongeveer)

Verspreidingskoers: 6 - 8m²/1ℓ/laag

Afhangende van porositeit, oppervlaktoestand en toepassing toerusting

Droë filmdikte: 40µm (aanbeveel)

Nat film dikte: 180µm

VOV-vlak: ± 3-5g/1ℓ (Zero Vov)

Aanbevele lae: 2

Droogtyd: Raakdroog: 30min @ 23°C

Droog om te hanteer: 2ure @ 23°C

Oorbedekking: Minimum 2ure @ 23°C

Toediening: Borsel, roller en lugloospuit

Skoonmaak: Water

DEYZEL PROMOTIONS BK H/A DEKOR 2000 & VERF - REG No: 2006/058147/23 - BTW No: 432 022 7780



ALGEMENE VOORBEREIDING

Alle oppervlakke moet skoon, droog en stabiel wees.

Verwyder alle los skilfers en stabiliseer oppervlakke met **Alkied Pleister**.

Herstel pleister krake met vooraf gemengde akriliese kraakvuller of teël sement / pleister mengsel en **H2OBind** mengsel.

Bestendig pleister inperfeksies met **Skim**.

Vir die behandeling van kalk- en poeierige oppervlakke, wend **Alkied Pleister** aan.

Vir die stabilisering van vogbeskadige, poreuse- en alkaliese oppervlakke, wend **Alkied Pleister** of **VogStop** aan.

Voorheen gevefde, onbeskadige oppervlakke kan met suikerseep gewas word en moet deeglik met skoon water afgespoel word.

Verwyder roes van sagte staal oppervlakke. Indien roes hardnekkig is, wend 'n roesverwyderaar aan. Wend 'n lag **H2O Ets** aan.

Wend **Houtdek** aan op alle nuwe verweerde hout oppervlakke voor herverf.

Om bindkrag te verbeter, skuur voorheen gevefde stabiele oppervlakke en wend **Universeel** aan.

KENMERKE

Interne en eksterne mure en plafonne.

Alles in een grondlaag, onderlaag, bolaag indien oor droeë en poreuse oppervlakke gevef word.

Vir langtermyn stabiliteit en duursaamheid, wend 'n laag alkaliese weerstandige grondlaag aan.

Droog tot 'n gladde waterdigte mat afwerking.

WAAR OM TE GEBRUIK

Behoorlik voorbereide en stabiele voorheen gevefde sement pleister, beton, poreuse stene, sement en gips pleister



VOORSORG:

- Alle oppervlakke moet skoon, droog en stabiel wees voor verfwerk kan begin. Die oppervlak waarop geverf word, beïnvloed die duursaamheid, lewensverwagting en stabiliteit van die verf. Sand en sement mengsels, pleisterwerk, beton en vlaklae moet aan SABS 1090 standaard en SABS 0164-1 in terme van MPA sterkte. Pleister mengsels moet teen 'n minimum dikte van 10mm aangewend word en volgens boustandaard kuur. In gevalle van produk mislukking of skade aan die verffilm veroorsaak deur pleisterkrake, aanvaar **VERF** nie aanspreeklikheid daarvoor nie.
- Vermy verfaanwending oor oppervlakke met 'n voginhoud bo 15%, gemeet met 'n ultrasoniese voglees instrument. Die ideale vlak is 5% of daaronder, gemeet met gemelde instrument. Dit is die verantwoordelikheid van die verfaanwender om hierdie beperkinge te akkomodeer.
- Verwyder alle los skilfers en stabiliseer oppervlakke met 'n alkaliese weerstandbiedende pleister grondlaag verf.
- Oneweredige pleisterwerk aan binnekant, kan met 'n laag alkaliese weerstandbiedende pleister grondlaag verf gestabiliseer en sag geskuur word. Aanwending van 'n laag pleister grondlaag voor aanwending van die toplaag, word aanbeveel. In geval van baie poreuse of bros oppervlakke moet 'n pleister grondlaag aangewend word voor aanwending van skim mengsel samestelling.
- Om aanwending te vergemaklik, skuur voorheen geverfde stabiele oppervlakke.
- Voorheen geverfde, onbeskadigde oppervlakke kan met suikerseep gewas word en moet deeglik met skoon water afgespoel word. Kusgebiede of buite oppervlakke wat meer as 24 uur blootstelling gekry het moet met skoon water gespoel word om sout van die oppervlakke te verwyder.
- Die oorsaak van vog- en waterskade moet aangespreek word voor verfwerk begin:
- Opwaartse vogtigheid is die opwaartse beweging van water as gevolg van kapilêre krag in die laer deel van mure en ander sisteme wat uit die grond kom. Die opwaartse beweging gaan selde oor 1.5m.
- Penetrenderende vogtigheid beweeg afwaarts en/of lateraal en mag die resultaat van reën wees.
- Uitbloeï kom voor as 'n laag wit souterige afskeiding nadat vog uit die verffilm verdamp. Hierdie soutlaag kan die verffilm beskadig en mag lei tot afdop, vlokkerigheid, blase en kleurveranderinge.
- **VERF** aanvaar nie aanspreeklikheid vir uitbloeï (wit souterige laag), blase, afdop of enige vogverwante tekortkominge nie. Die produk waarborg van **VERF** sluit skade as gevolg van vog en damp, uit.
- Roer verf met 'n plat spaan om 'n homogene samestelling te verkry. Dit is bevorderlik vir kleur- en film konsekwentheid.
- Vermy verfaanwending in humiede/nat weersomstandighede. Na aanwending, laat 'n kuurtydperk van ten minste 7 dae sonder enige reën neerslag, vir effektiewe duursaamheid toe.
- Die ideale weerstoestande en temperature van oppervlakke vir verfaanwending is tussen 10°C –35°C met 'n relatiewe voginhoud van onder 75%. Verfaanwending oor koue substrate mag lei tot permanente gaatjies en kraters in die verf film. Verfaanwending oor warm substrate mag lei tot permanente gaatjies en blase in die verf film of die de-laminering van die substraat.
- Voorkom aanwending in direkte sonlig. Dit lei tot voortydige uitdroog van verf en laat visuele oorlap merke. Winderige toestande mag 'n soortgelyke resultaat hê en kan lei tot die afset van stofdeeltjies in nat verf.



- Aankope uit dieselfde produksie groep word aanbeveel om konsekwentheid van kleur en glans te behou.
- Kleurskakering basisse bevat minder liters as geadverteer.
- Laat 7 dae toe vir verf om behoorlik droog te word en 30 dae vir volle vermoë te bereik.
- Verspreidings tempo is teoreties en gebasseer op gladde oppervlakke.
- Om ondeursigtigheid en geformuleerde glans te bereik, volg gespesifiseerde versprei koers. versprei koers is die hoeveelheid verf benodig vir aanwending per vierkante meter om die geformuleerde nat en droë film dikte (WFT / DFT), te bereik. Droë film dikte kan gemeet word.
- Oorverspreiding sal lei tot onderstaandaard ondeursigtigheid en inkrimineer die kwaliteit en lewensverwagting van die verf.
- Ooraanwending van verf sal lei tot opbou van glans, versagting en kraak van die verf.
- Volg gespesifiseerde oorverf periodes. Premature oorverf mag lei tot onderstaandaard ondeursigtigheid, inkrimineer film dikte en finale voorkoms. Temperature het 'n invloed op droog en oorverf periodes.
- Gebruik toerusting van goeie kwaliteit (rollers, kwaste ens.) om onderstaandaard ondeursigtigheid, vloei, gelykheid en prentlyste te voorkom.
- Verf van muur tot muur. Vermoë mindere opknappings. Dit lei tot onderstaandaard ondeursigtigheid, glans en kleur afwykings.
- **VERF** waarborg is slegs van krag wanneer alle produkte vervaardig en goedgekeur is deur **VERF**.
- Gemengde kleure wat buite **VERF** se formule Largo's meng sisteem val, het die risiko van onderstaandaard ondeursigtigheid, voortydige verbleiking, UV weerstand, oor of onder kleur of alkaliese uitbarsting. Bekom advies van 'n professionele **VERF** agent.
- Moenie fabrieks standaard kleure verander nie. Dit inkrimineer die produk se lewensverwagting en kan lei tot onderstaandaard verbleiking, UV en alkaliese weerstand, kleur en ondeursigtigheid in konsekwensies.
- Helder kleure speel 'n belangrike rol in die keuse van kleure. Hoewel **VERF** produkte vervaardig word met ligvaste pigmente, is sekere helder kleure geneig tot onderstaandaard ondeursigtigheid en UV weerstand en mag geneig wees tot alkaliese uitbarsting. Bekom advies van 'n professionele **VERF** agent.
- Kleur verskille as gevolg van uitbloei (wit souterige laag)(alkaliese brand of uitbarsting) is nie gedek onder vroeë verbleiking of produk tekortkominge nie.
- Die kleur, wit, mag 'n 3de toplaag benodig om volle ondeursigtigheid en uitwissing te bereik.



Gesondheid en Veiligheid:

- Hou buite bereik van kinders.
- Vermy om te eet, drink of rook gedurende aanwending.
- Maak voorsiening vir voldoende ventilasie gedurende aanwending en kuring.
- Skadelik wanneer inwending geneem word.
- Dra beskermende drag gedurende voorbereiding, aanwending en skoonmaak.
- Voorkom kontak met oë. Bekom mediese advies indien verf in oë kom of ingeval van irritasie.
- Vermy kontak met vel. Indien verf in aanraking met vel kom, verwyder met 'n aanbevole oplosmiddel. Bekom mediese advies in geval van velirritasie.

Gehalte Waarborg:

- 12 Jaar.
- Vir die BEKRAGTIGING van die gehalte waarborg, geliewe te registreer op ons webtuiste of deur die naaste leweransier. Terme en voorwaardes is van toepassing – vir verdere inligting, besoek die webtuiste te www.verf.web.za.

Vrywaring:

- Spesifikasies en aanbevelings word in goedertrou verskaf om as riglyne te gebruik.
- Alle informasie spruit uit resultate van toetse asook ondervinding opgedoen.
- Metode van aanwending, toerusting, toestand van die substraat tydens aanwending beïnvloed resultate.
- Bogemelde is buite beheer van die verfvervaardiger.
- Veranderende tegnologie beïnvloed Tegniese Informasie. Geliewe op hoogte van veranderinge te bly.

All information listed is owned or used under licence of Laminin Coatings (Pty) Ltd and its related affiliates. © 2013 Laminin Coatings (Pty) Ltd. All rights reserved.

